



Vak: Graad 7 Wiskunde
Onderwerp: Wiskunde: Kwartaal 2 - Eksamen 1
Totaal: 85 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Vraag 1: Waar/Onwaar

1 punt

Een driehoek kan twee stomphoeke bevat.

WAAR

ONWAAR

Vraag 2: Waar/Onwaar

2 punte

'n Prisma het 'n hoogte van 12cm.

Die basis is 'n gelyksydige driehoek met 'n sylengte van 3cm en 'n oppervlakte van $3,9\text{cm}^2$.

Die buite-oppervlakte van die prisma is 115,8cm.

WAAR

ONWAAR

Vraag 3: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

'n Vistenk is 1,2m lank, 0,4m breed en 0,6m hoog.

Die volume van die vistenk is (1) m^3 en daarom kan dit (2) liter hou.

Opsies Is: 288 | 28,8 | 2,88 | 0,288 | 28 800 | 2 880

1

2



Vraag 4: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Voltooi hierdie ekwivalente breuke:

$$\frac{2}{(\text{Antw 1})} = \frac{16}{40} = \frac{(\text{Antw 2})}{45}$$

Antw 1: (1)

Antw 2: (2)

Opsies Is: 21 | 26 | 5 | 18 | 8 | 15

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 5: Veelvuldige Keuse

4 punte

As daar 33% afslag op R1 800 is, sal die afslag ... wees.

- | | |
|----------|--------|
| A | R594 |
| B | R2 394 |
| C | R1 206 |
| D | R600 |

Vraag 6: Veelvuldige Keuse

4 punte

 $0,45 \div 0,06 + 1,55 \times 3,8 = \dots$

- | | |
|----------|-------------|
| A | 13,39 |
| B | 34,39 |
| C | 1,062 1 ... |
| D | 0,075 6 ... |

Vraag 7: Skryf Jou Antwoord

1 punt

Daar is ... groepe van 10 000 in 1 000 000.

[Gee slegs die getal]

--



Vraag 8: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

12 is die volkome (1) van 144.

5 is die (2) van 125.

Opsies is: vierkantswortel | kwadraat | derdemag | derdemagswortel

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 9: Skryf Jou Antwoord

2 punte

Die desimale getal ... is gelyk aan die gewone breuk $\frac{11}{20}$.

[Gee slegs die desimale getal.]

--

Vraag 10: Veelvuldige Keuse

2 punte

Die verskil tussen (246 - 131) en (131 - 246) is ...

A	230
B	240
C	250
D	280

Vraag 11: Veelvuldige Keuse

2 punte

13 groter as -9 is gelyk aan ...

A	-22
B	-4
C	22
D	4



Vraag 12: Veelvuldige Keuse

4 punte

Jy moet 14% belasting betaal op amper alles wat jy koop.

As die kosprys van 'n langbroek R180 is, wat sal jy vir die langbroek betaal?

- | | |
|----------|----------|
| A | R194 |
| B | R205, 20 |
| C | R204 |
| D | R204, 20 |

Vraag 13: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die volgende twee getalle in die getallery:

45; 36; 27; (1) ; (2)

Opsies Is: 19 | 9 | 18 | 8

1		2	
----------	--	----------	--

Vraag 14: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Voltooi die volgende reeks:

51; 53; 55; (1) ; 59; 61; (2) ; ...

Opsies Is: 56 | 57 | 63 | 62 | 6 | 58

1		2	
----------	--	----------	--

Vraag 15: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die afmetings van 'n blombedding is 9m by 8m.

'n Tuinier sal ... m³ grond nodig om die bedding tot 'n hoogte van 120mm op te vul.

[Gee slegs die getal]

--



Vraag 16: Skryf Jou Antwoord

2 punte

Die temperatuur op 'n sekere aand was 12°C .

As die kwik oornag met 15°C gedaal het, was die temperatuur vroeg die volgende oggend $\dots^{\circ}\text{C}$.


[Gee slegs die getal]

Vraag 17: Waar/Onwaar

1 punt

30° is een-twaalfde van 'n omwenteling.

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 18

**Vraag 18: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Bestudeer die gegewe skets.

c is 'n hoek rondom punt O .

Die grootte van c sal dan gelyk wees aan $\dots^{\circ}$

[Gee slegs die getal met die korrekte maateenheid]



Vraag 19: Skryf Jou Antwoord

2 punte

Die getal 95 het ... faktore.

[Gee slegs die getal]

--

Vraag 20: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Gee die ontbrekende term vir elk van die volgende reekse:

5; 7; 9; 11; (1) ; ...

-2; -4; -6; (2) ; -10; ...

106; 102; (3) ; 94; ...

Opsies Is: 13 | 98 | 12 | -8 | 100 | -9 | 8 | 15

1	
3	

2	
----------	--

Vraag 21: Veelvuldige Keuse

1 punt

... is nie 'n veelvoud van 5 nie.

A	559
B	245
C	3 975
D	5 055

Vraag 22: Waar/Onwaar

3 punte

Die breuk wat halfpad tussen $\frac{3}{5}$ en $\frac{9}{10}$ lê, is $\frac{3}{4}$.

WAAR	ONWAAR
-------------	---------------



Vraag 23: Waar/Onwaar

1 punt

'n Halwe omwenteling, m.a.w. 'n halwe draai, is 9° .

WAAR

ONWAAR

Vraag 24: Skryf Jou Antwoord

3 punte

In 'n reghoekige driehoek is een van die ander twee hoeke gelyk aan 44° .

Die derde hoek sal dus gelyk wees aan $\dots^\circ$.

[Gee slegs die getal]

Vraag 25: Veelvuldige Keuse

2 punte

16 is die ... van 32 en 80.

- | | |
|----------|--------------------------|
| A | kleinste gemene veelvoud |
| B | grootste gemene faktor |
| C | produk |
| D | grootste priemfaktor |

Vraag 26: Veelvuldige Keuse

4 punte

$$3\frac{1}{4} - 1\frac{2}{3} + 2\frac{5}{12} = \dots$$

- | | |
|----------|-----------------|
| A | 4 |
| B | $3\frac{5}{12}$ |
| C | $4\frac{5}{12}$ |
| D | $3\frac{3}{4}$ |




Vraag 27: Waar/Onwaar

1 punt

Die som van twee natuurlike getalle is altyd 'n natuurlike getal.

WAAR**ONWAAR**

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 28

**Vraag 28: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

Gebruik die gegewe sirkelgrafiek om die volgende te bereken:

5% van die kinders in 'n klas van 40 speel rugby.

Daar is dus ... kinders in die klas wat rugby speel.

[Gee slegs die getal]



Vraag 29: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Gebruik die tekens om die volgende persentasies en breuke met mekaar te vergelyk.

$$48\% \quad (1) \quad \frac{3}{5}$$

$$37\% \quad (2) \quad 0,325$$

$$37,5\% \quad (3) \quad \frac{3}{8}$$

Opsies Is: < | = | >

1	
3	

2	
---	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 30**Vraag 30: Waar/Onwaar**

2 punte

Die getal presies tussen A en B op die gegewe getallelyn is $4\frac{1}{2}$.

WAAR	ONWAAR
------	--------

Totaal: 85 Punte